



Vak: Graad 7 Sosiale Wetenskappe (Geografie)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 110 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1



Vraag 1: Veelvuldige Keuse


4 punte

Vloede wat baie vinnig gebeur, en sonder enige waarskuwing, word 'n ...-vloed genoem.

- | | |
|----------|--------------|
| A | gevaarlike |
| B | diep |
| C | kits |
| D | rampspoedige |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 2, 3



Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die gekartelde/gepunte swart lyne op die kaart wys die ... lyne aan.

Vraag 3: Waar/Onwaar


2 punte

Meeste van die aktiewe vulkane in die wêreld is in die Indiese Oseaan geleë.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 4



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 4, 5

Wêreldkaart Indeks				
Three Forks, USA	76	D8	46 N	111 W
Three Hills, Canada	70	C6	52 N	113 W
Three Hummock Island, Australia	63	G3	40 S	145 O
Three Pagodas Pass, Thailand	38	E2	15 N	99 O
Three Points Cape, Ghana	50	H5	5 N	2 W
Three Rivers, USA	78	J8	36 N	119 W
Three Sisters, South Africa	56	E2	32 S	23 O
Three Sisters, USA	76	D3	44 N	122 W
Three Springs, Australia	61	E2	30 S	116 O

Vraag 4: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kyk na die koördinate van die verskillende plekke en na die vier dele waarin die wêreld volgens lengte- en breedtegrade verdeel word.

Kyk nou na die volgende stellings en besluit watter een onwaar is.

- | | |
|----------|--|
| A | Drie Susters, Suid-Afrika, is in die SO blok en is in die Suid-Oostelike deel van die wêreld geleë. |
| B | Three Rivers, VSA, is in die NW blok van die diagram en is in die Noord-Westelike deel van die wêreld geleë. |
| C | Three Pagodas-pas is in die NO blok en is in die Noord-Oostelike deel van die wêreld geleë. |
| D | Three Springs, Australië, is in die Suid-Westelike deel van die wêreld geleë. |

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk na die uittreksel uit 'n atlas.

Watter plek het die koördinate 30° S and 116° O?

Moenie die naam van die land gee nie - net die plek.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 6, 7, 8, 9, 10

	Poskantoor
	Polisiestasie
	Kerk
	Verkeersligte
Sleutel	

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 6, 7, 8, 9, 10**Vraag 6: Waar/Onwaar**

2 punte

Op hierdie kaart is die verkeerslig op die kruising van Eerste Laan en Imam Haron Weg.

WAAR

ONWAAR



Vraag 7: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die kerk is op die hoek van Imam Haron Weg en nog 'n straat.

Was is die ander straat se naam?

Vraag 8: Waar/Onwaar

2 punte

Die poskantoor is op dieselfde blok as die Claremont Polisiestasie.

WAAR**ONWAAR****Vraag 9: Veelvuldige Keuse**

4 punte

Jy woon in Tweede Laan. Die poskantoor is langs jou huis, op die linkerkant.

Wat is die **maklikste roete** na die kerk in Wade Weg as daar niks verkeer is nie?

- | | |
|----------|--|
| A | Draai regs in Tweede Laan en draai weer regs in Lincoln Straat.
Draai regs in Eerste Laan, en links in Greenwood Weg.
Draai regs in Wade Weg, en die kerk sal aan jou regterkant wees.
Draai links in Tweede Laan. By die verkeerslig, draai links in Imam Haron Weg. |
| B | Draai links in Wade Weg.
Die kerk is aan jou linkerkant.
Draai links in Tweede Laan. By die verkeerslig, draai links in Imam Haron Weg. |
| C | Draai links in Eerste Laan. Draai regs in Greenwood Weg.
Draai links in Wade Weg. Die kerk is aan jou regterkant.
Draai regs in Tweede Laan en regs in Lincoln Straat. |
| D | Draai regs in Eerste Laan. Hou aan tot Imam Haron Weg, waar jy links draai.
Kort daarna, draai links in Wade Weg. Die kerk is aan jou linkerkant. |



Vraag 10: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Jy woon op die hoek van Lincoln Straat en Tweede Laan, op dieselfde blok as die polisiestasie en die poskantoor.

Jy wil met jou fiets Abbotts Kollege Claremont toe ry.

Abbotts Kollege Claremont se ingang is in Greenwood Weg.

Jy kan nie Imam Haron Weg gebruik nie, want daar is swaar verkeer.

Jy begin by jou huis en draai (1) .

As jy by die T-aansluiting kom, draai jy (2) .

Jy draai dan (3) en Abbotts Kollege is aan die (4) .

Opsies Is: regs in Greenwood Weg | regs in Lincoln Straat | regs in Eerste Laan | links in Lincoln Straat | links in Greenwoodweg | links in Eerste Laan | regterkant | linkerkant

1	
3	

2	
4	

Vraag 11: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Mense wat van vloede af wegvlug raak (1) en moet voorsien word met (2) .


Opsies Is: tydelike akkommodasie | koue | ontwortel | kano's of roeibote

1	
----------	--

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 12, 13, 14





Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 12, 14

	'n Dubbelbaan snelweg
	'n Grootpad
	'n Sekondêre pad
	Werkswinkels, fabrieke en pakhuise
	'n Spoorlyn
	'n Klein industriële spoorlyn
	'n Brug
	'n Spoorwegstasie
	'n Rivier of waterweg
	'n Voeganger of voertuigkruising
Sleutel	

Vraag 12: Waar/Onwaar

2 punte

Daar loop 'n spoorwegbrug oor die Baakensrivier.

WAAR

ONWAAR

Vraag 13: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Bestudeer die padkaart van Port Elizabeth. Soek Baakens Straat.

Wat verteenwoordig die sirkel in C 5 en C 6?

Antwoord met EEN woord.

Vraag 14: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Hierdie kaart van Port Elizabeth wys 'n gedeelte van die industriële gebied.

Die industriële gebied is naby (1), (2) en (3) .

Dit is sodat fabrieke maklik materiaal en toeristing kan inbring, en hul produkte maklik aan klante kan stuur.

Jou antwoorde moet in **alfabetiese volgorde** wees.


Opsies Is: biblioteke | treinspore | plekke van aanbidding | woongebiede | die snelweg | die bioskoop | die hawe | die hospitaal

1	
3	

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 15



Vraag 15: Waar/Onwaar

2 punte


Die aarde se mantel bestaan uit dele 3 en 4.

Dit is die breedste deel van die aarde.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 16



Vraag 16: Waar/Onwaar

2 punte

Die koördinate van punt D is 90° N en 10° W.

WAAR

ONWAAR

Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die volgende is die uitwerking wat vloede het op mense:

A: siektes

B: ontworteling

C: verwoesting van oeste


D: beserings en lewensverlies

E: wegspoel van bogrond

- | | |
|----------|-----------|
| A | A en B |
| B | A en C |
| C | B, D en E |
| D | A, B en D |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18



https://en.wikipedia.org/wiki/Volcanic_hazards#/media/File:Types_of_volcano_hazards_usgs.gif, March 2010

Vraag 18: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wanneer tektoniese plate bots, skuif een plaat onder die ander een in, en dit kan veroorsaak dat die mantel daaronder begin smelt en ... word.

Vraag 19: Waar/Onwaar


2 punte

Baie menslike aktiwiteite kan die skuld kry vir omgewingsoorsake van vloede.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 20



Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende

10 punte

As hierdie kaart van Lenasia op bladsy 8 van 'n kaartboek van Johannesburg is, sal die verwysing na Guinea Fowl Straat so in die indeks verskyn:


(1) , (2) , (3) , (4) , (5) .

Opsies Is: Concorde Laan | Lenasia | Johannesburg | 7 | 8 | 4 | Guinea Fowl Straat | B | Gauteng

1	
3	
5	

2	
4	

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 21



Vraag 21: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte


Punt C is op die kontinent (1) geleë en is in die (2) (3) deel van die wêreld.

Opsies Is: Afrika | Noord-Amerika | Europa | Asië | Noord- | Suid- | Oostelike | Westelike

1	
3	

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 22



Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Watter punt het die koördinate 20° S en 60° W?


Skryf net die korrekte letter.

Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die sywaartse beweging van die tektoniese plate wissel van nul na ... mm per jaar.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24



Vraag 24: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hierdie kaart van Claremont is op bladsy 12 van 'n kaartboek.

Oakfieldstraat is in blok C 2.

Hoe sal hierdie straat in die indeks van die kaartboek verskyn?

A	Oakfieldstraat	Claremont	12	2 C
B	Claremont	Oakfieldstraat	12	C 2
C	12	Oakfieldstraat	Claremont	C 2
D	Oakfieldstraat	Claremont	12	C 2

Vraag 25: Veelvuldige Keuse


4 punte

Vloede kan die bogrond van een area na riviëre, damme of ander areas wegspoel.

Dit kan verwoestende effekte hê op

- | | |
|----------|---|
| A | die hoeveelheid water in riviëre en damme |
| B | landbou produksie |
| C | die infrastruktuur van die area |
| D | vervoer deur trein en pad |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 26

**Vraag 26: Veelvuldige Keuse**

4 punte


Kyk na die koördinaatrooster en na die stellings wat volg.

Watter stelling is **onwaar**?

- | | |
|----------|--|
| A | Punt A en punt E is ewe ver van die Greenwich-meridiaan. |
| B | As 'n lyn van punt D na punt A getrek word, sal die lyn parallel met die Greenwich-meridiaan loop. |
| C | Punt A en punt C is albei in die Suidelike halfrond. |
| D | Punt A lê so ver Suid as wat dit Wes lê. |



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 27



[https://en.wikipedia.org/wiki/Acretion_\(geology\)#/media/File:Active_Margin.svg](https://en.wikipedia.org/wiki/Acretion_(geology)#/media/File:Active_Margin.svg), May 2006

Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die tektoniese plate bestaan uit oseaniese en kontinentale (1) .

Hulle dryf op die plastiese bomantel genaamd die (2) .

Opsies Is: sloot | kors | astenosfeer | vulkaniese boog | litosfeer

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 28: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wanneer te veel reën val, raak die grond oorversadig en die ... vrot.

Vloede kan dus veroorsaak dat oeste doodgaan.

--

Vraag 29: Waar/Onwaar

2 punte

Vloede kan nie in droë weerstoestande voorkom nie.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 30



Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Wanneer die (1) op die land verwoes is, spoel die grond deur die reën in die riviere in.

Die riviere (2) en oorstrom.

Opsies Is: silk toe | plantegroei | masjienerie | verhoog | goeie grond

1	
----------	--

2	
----------	--

Totaal: 110 Punte